SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 30 MEI 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTELS

Dit is met leedwese dat ons die heengaan van Attie Barnard, ZS2Q, op 21 Mei moet aankondig. Attie het 'n week in die intensiewe sorgeenheid van die Green Acres hospitaal deurgebring na 'n ernstige hartaanval. Attie is in die laat sewentigs as radioamateur vanuit die burgerband gelisensieër. Hy was vir baie jare lid van die PE Amateurradiovereniging. Ons innige simpatie aan Attie se eggenote Anna, ander familie en vriende.

Ons kondig ook die heengaan van Riaan Bekker, ZR6RIA, aan. Riaan is saam met sy vader in 'n mikroligte vliegtuig ongeluk noodlottig beseer. Volgens die koerante het die ongeluk op Saterdag 22 Mei plaasgevind. Die 19 jarige Riaan was 'n lid van die Vossie Radioklub en was besig met verdere studies. Hy word oorleef deur sy moeder, broer en suster. Ons innige simpatie aan die familie en vriende van Riaan en sy vader.

(POUSE)

In die nuus vandag:

MEI RAE UITSLAE BEKEND

U ONDERSTEUNING BENODIG VIR VIR DIE SARL SE IARU-FONDS

INTEGNETBESPREKING OOR WAT JY ALLES AS RADIOAMATEUR KAN DOEN

INDY 500 SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE VANDAG OP DIE LUG

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

MEI RAE SE UITSLAE BEKEND

'n Totaal van 79 kandidate het die RAE wat op 20 Mei geskryf is, geslaag.

Uitslae is reeds vanaf Woensdag 26 Mei op die webwerf van die SARL beskikbaar by www.sarl.org.za.

Die SARL wil graag vir Me B R Herholdt van Durbanville baie geluk wens. Sy het die klas A eksamen op die ouderdom van 9 jaar geslaag en moet nou wag tot die nuwe regulasies in werking tree voordat sy haar roepsein mag gebruik.

Ook wil die SARL vir Vee Antal, die kantoorbestuurder van die SARL gelukwens met die slaag van die RAE. Vee gaan sommer onmiddellik die morsekode pak en haar as 'n ZS kwalifiseer.

Kandidate word ook herinner dat die roepseine wat aan hulle toegeken is, onmiddellik gebruik mag word.

Amptelikke uitslae sal binnekort aan elke kandidaat gepos word.

Baie geluk en 'n hartlike welkom aan al die nuwelinge op die lug. Mag u almal amateurradio vir baie jare geniet.

U ONDERSTEUNING BENODIG VIR VIR DIE SARL SE IARU-FONDS

Verlede jaar het die SA Amateurradio-OntwikkelingsTrust fondse ingesamel om die ledegeld vir Suid- Afrika se lidmaatskap van die Internasionale AmateurRadioUnie te betaal. Met die mildelike ondersteuning van van radioamateurs, klubs en die industrie was genoegsame gelde ge-in en die ledegeld betaal. Ledegelde is nou weer betaalbaar. Ongeveer R12 000 word benodig. R2770 is van verlede jaar oorgedra.

Verlede jaar het die volgende organisasies en lede bygedra:

Marplas R5 000; SA Amateurradio-OntwikkelingsTrust R5 000; Durban Amateurradioklub R 600; Magalies Amateurradioklub R 500; Potchefstroom Amateurradioklub R 100; Highway Amateurradioklub R 500; Noordwes Amateurradioklub R1 000.

Individuele skenkers:

Robin Seal ZS5MRS; J Roughead ZR5Z; Dave Long ZS5FR; Louis de Bruyn ZS6LP; Dave Smith; Marten du Preez ZS6ZY; Ray Webber ZS6RSW; Gerald Klatzko ZS6BTD; Chris Gryffenberg ZS6COG; Hans Kappetijn ZS6KR.

Die uitstaande sertifikate is voor verlede naweek gepos.

Die Trust doen 'n beroep op klubs en radioamateurs om 'n bydrae tot die 2004 IARU-fonds te maak. Donasies mag elektronies oorgeplaas of in die bankrekening van die SA Amateur Radio Development Trust by ABSA, rekening No. 560 142 722 met bankkode 335 645, inbetaal word. Meld IARU-donasie met oorplasing of inbetaling en faks die depositostrokie na 012 991 5651 of pos die besonderhede met adresinligting aan Posbus 90438, Garsfontein 0041.

Die Trust en die SARL bedank almal wat verlede jaar bygedra het en doen 'n beroep op alle radioamateurs en klubs om te help.

HAMNET WEERWAG VERANDER FREKWENSIE

Francois Botha berig dat weens toestande en die verandering in voorplanting, die Hamnet Weerwag verplig was om na die 80 m band te skuif. Die frekwensie wat hulle nou gebruik is 3690 kHz en die aanvangstyd is ongeveer 17:45 Sentraal Afrika tyd.

Soos die artikel in die jongste Radio ZS berig, is the weerwag geskep om inligting oor weersomstandighede landswyd onder mekaar uit te ruil en die byeenkoms ook te gebruik as 'n informele saamtrek van belangstellendes. Ons nooi graag ZU-operateurs uit om in te rapporteer want, met goeie omstandighede en 20 watt, kan ons stasies so ver as die Wes-Kaap goed hoor.

Sodra toestande in die 40 m band verbeter, sal ons terugskuif na 7,070 MHz om 18:00 saans.

KINDERDAG

Die Suid-Afrikaanse Antieke Draadloosvereniging (SAADLV) en die Suid-Afrikaanse Lugdiensmuseumvereniging (SALMV) sal 'n kinderdagradiostasie by die klubhuis van die SALMV op kinderdag, 16 Junie bedryf. Die klubhuis is geleë by die Transvaal Lugvaartklub by die noord-oostelike einde van die Randse Lughawe. Draai af net suid van die Randse Lughawepad by die Russelstraatkruising, kyk uit vir die TAC-aanwysers. Alle amateurs, kinders en vriende word uitgenooi na 'n dag van amateurradio- en lugvaartgeskiedenis. Verversings en braaivleisvure sal voorsien word. Skakel vir Alan, ZS6BIK, by 011 678 2887 vir verdere inligting.

INTEGNETBESPREKING OOR WAT JY ALLES AS RADIOAMATEUR KAN DOEN

Die volgende INTEGNET sal vanaand 30 Mei om 20:00 gehou word. Verskeie radioamateurs en spesiale belangegroepe sal hul aktiwiteite met u deel en vertel hoe jy meer genot uit radioamateurwese kan put. Dit beloof om 'n baie interessante program te wees.

Klubs wat hul herhalers aan die net wil koppel moet 'n e-pos stuur aan armi@sarl.org.za met vermelding van die tefoonnommer wat gekoppel moet word. Ongelukkig kan selfone en voorafbetaalde telefone nie gekoppel word nie. Dui ook asb. aan watter herhaler gekoppel gaan word, sy frekwensie en dekkingsgebied. Doen dit voor 12:00 vandag.

INDY 500 SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE VANDAG OP DIE LUG

Die 'Indianapolis Motor Speedway Amateur Radio Club (W9IMS)' is aangewys as die offisiële amateurradioklub van die Indianapolis moterrenbaan, die eerste keer dat 'n amateurradioklub hierdie eer te beurt val. 'n W9IMS spesiale geleentheidsbedryf sal deurlopend op 30 Mei, vandag, die dag van die Indy 500 ren,

plaasvind op frekwensies rondom 1,840, 3,840, 7,240, 14,070 (PSK31), 14,240, 21,340, 28,340, 50,140 en 144,240 MHz.

W9IMS sal ook spesiale geleentheidstasies bedryf tydens die ander twee renne in die Indianapolis Moterrenbaan se Driekrone reeks nl. die VSA Formule 1 Grand Prix op 20 Junie en die Brickyard 400 (NASCAR) op 8 Augustus. Bedryf sal ongeveer drie weke voor elke ren begin en sal op die dag van die betrokke ren eindig.

Stasies wat W9IMS kontak of monitor kom in aanmerking vir 'n offisiële W9IMS Indianapolis Moterrenbaan QSL-kaart. Stasies buite die VSA moet via die Buro QSL. Vir meer inligting, kontak David Spoelstra, N9KT, met e-posadres n9kt@arrl.net.

(Item verkort uit die ARRL Nuusbrief).

dVOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat voortplantingstoestande oor die afgelope week swak was met baie geruis op die bande- selfs op 40 en 80 meter. Verbasend was it idat die 15 m band op Vrydagmiddag baie laat vir 'n kort rukkie baie goed oop was en ook net so vinnig weer toegemaak het. Die sonvlekgetal was Vrydag 52,9 teenoor verlede week se 56,3.

Die sonvlekgetal was besonder stabiel oor die afgelope week met bykans geen peke nie. 'n Baie klein korona1opening (genoem CH98), effens noord van die ewenaar op die son, mag invloei van koronamassa na die aarde tussen 28 Mei en 1 Junie bewerkstellig met gevolglike aktiewe voortplantinstoestande. Toestande na die Noorde mag beter wees as na die Ooste. Die voorspelde afgeronde sonvlekgetal vir Mei is 36,8 teenoor die 67,6 van Mei verlede jaar.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

Vandag om 12:00, die President se net op verskillende frekwensies; Vanaand om 20:00 INTEGNET; 6 Junie, kinderdag.i 30 Junie, die laaste dag vir besprekings vir die stoomtreinrit na die mampoerfees in Koster op 5 September. Kontak Johanna Harris by 011-814-2121 gedurende kantoorure om besprekings te bevestig; 2 Oktober, vlooimark in de Oos-Rand, dit begin om 08:00.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE„ en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat

so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX